Joan Hambidge

Resensie: Cloete T.T. 1989. *Driepas*. Kaapstad: Tafelberg. R29.95 plus AVB.

Die poësie laat hom geld
met delikate geweld

Die lywigste bundel in Afrikaans nóg, is T.T. Cloete se *Driepas*. En, kan 'n mens byvoeg: stellig een van die rykste bundels in Afrikaans. Van insig in die menslike kondisie getuig hierdie bundel ook by uitstek. *Driepas* – wat nie alleen dui op die dansterm nie, maar ook die *klawer* met sy vele betekenisse van véral die soektog na menslike geluk betrek – getuig van lewenswysheid. Cloete skryf weer eens oor die seksuele, musiek, die natuur, die poësie en die mens se soektog na God se handskrif op aarde. Ons vind in hierdie boek ook die *le gros rire*, die lag van pyn en gelyktydige geluk:

Oorloop

dit het Sokrates al gesê
opgemerk met Griekse fyn
waarneming: die genot lê
in dieselfde holte as die pyn

Om 'n digbundel van hierdie opset te konstrueer – en al die genoemde temas te laat inspeel op mekaar – getuig nie alleen van 'n geweldige intellektuele dissipline nie, maar ook van ontsettende kreatiwiteit. Maar soos die motto vooraf aantoon ("a humble love of / earthly and divine things") bly die persona in hierdie bundel bewus van sy menslike beperkinge. Die goddelike bly onkenbaar, en die mens word selfs op seksuele gebied voorgespring deur die diere- en planteryk ("the mating game", p.20). In "Die 3 en 33 nulle" (p.159) staan daar:

humans share the earth with more than 3 000 000 000 000 000 000 000 000 000 000 000
other living things

Daar is buite my greep die totale en die hele
maar in die verskeidenheid, die oorgange en krulle
lê wondere en in die deeltjies van die ten dele

ken van daardie 3 met agteraan die 33 nulle

Hierdie beskeidenheid vorm skering en inslag van ál Cloete se digbundels. Daar is telkens 'n bewuswees van die mens se ontsettende beperkinge en God se alomteenwoordige alwetenheid. Juis hierom kan Cloete se poësie ten beste getipeer word as een van die jukstaposisie, van die verbandlegging tussen disparate dinge. In "Deelgenoot" (p.34) word die gedig as 'n refleks getipeer:

die gedig is 'n refleks
in 'n enkele woord
en in dié woord hoor
die oor ineen ineens die teks
van die versamelde gedig

'n Leesstrategie word hiermee aangetoon: die gedigte moet nie as afsonderlike verse gelees word nie, maar die verse speel op mekaar in, is intertekstueel op mekaar aangewys. Verse verwys ook na vroeëre bundels, soos "ons eeu se aphrodite" (p.26) wat vra vir 'n saamlees met Cloete se ander Marilyn Monroe-verse.

Cloete is 'n intellektuele digter en hierom gebruik hy dan ook dikwels slim of geleerde woorde. Intellektueel, maar nie onbegryplik nie, want dikwels is dit slim neologismes wat weer nuwe wêrelde ontsluit. Dit digter moet telkens woorde heraktiveer, want uiteindelik is God die grootste digter, verneem ons in "God die digter" (p.49):

> Chile is deur 'n digter gemaak
> Neruda
>
> daar is meer poësie in die sneeuvlokkie
> as in die letterkunde en baie meer poësie
> in die miskruier in die toktokkie
> in die meteorologie en entomologie
> in die moremis en in die bergpiek
> die horison wat in die hemel wegraak
> in die rooswolk is daar baie meer liriek
> die aarde is deur 'n digter gemaak

Daar is tegnies 'n groter rustigheid. Die verse is nie meer so streng op die ryme ingestel nie en dit vind ek 'n belangrike ontwikkeling in Cloete se digterskap. 'n Mens kan reeds talle van ons kritikasters hoor neul dat daar té veel verse is en dat die bundel kleiner in omvang moes wees. Dit is egter húl probleem. Sogenaamde "mindere" verse kry egter kontoer wanneer hulle met deelgenote saamgelees word. Hierdie leser het *Driepas* 'n meesleurende leeservaring gevind.

Universiteit van die Noorde

Marius Scholtz

Resensie: Mouton, M. 1989. *Dramateorie vandag: die bydrae van die drama- en teatersemiotiek*. Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO. 342 pp.

In hierdie publikasie word die verhouding tussen die dramateks en die opvoering ondersoek ten einde aan te toon watter belangrike invloed laasgenoemde het op onder andere die skryf- en leesproses van eersgenoemde. Met die oog hierop word die drama- en teatersemiotiek as teoretiese raamwerk gebruik om die volgende nege dramateoretiese aspekte te bekyk: die fiksionaliteit van die dramawêreld, die *dramatis personae*, tyd en ruimte in die drama, die taalgebruik, die handeling, die dramastruktuur, die didaskalia en die implisiete toeskouer. Laasgenoemde twee aspekte word gewoonlik nie as deel van die dramateorie beskou nie, omdat dit tot 'n ander wetenskap, naamlik teaterteorie, behoort. Dit is volgens die uitgangspunt van hierdie ondersoek nie korrek nie, omdat dit nie net baie belangrik is vir 'n bespreking van die dramateorie nie, maar ook vir 'n goeie begrip van die individuele dramateks.

Die skeiding tussen die dramateks en die opvoering en die plasing daarvan binne twee afsonderlike vakgebiede is volgens hierdie studie waarskynlik terug te voer na die volgende: 'n historiese ontwikkeling en die beskouing van sommige literatuurwetenskaplikes dat aspekte wat verband hou met die opvoering nie tuishoort by 'n suiwer dramateoretiese studie nie. Dit is ook die geval in Suid-Afrika soos onder andere duidelik blyk uit die feit dat daar in taaldepartemente aan universiteite dikwels weggeskram word van die opvoering en opvoeringsaspekte in die onderrigsituasie, alhoewel die opvoeringsgerigtheid van die dramateks erken word. Hierdie leemte in die dramateorie as sodanig en meer spesifiek in die Afrikaanse dramateorie wil hierdie werk probeer regstel.

Die studie bestaan uit twee hoofafdelings, naamlik 'n teoretiese afdeling (Afdeling A) en 'n praktiese illustrasie (Afdeling B) van die teorie wat in eersgenoemde uiteengesit word. In afdeling A word in die eerste onderafdeling gekyk na die verhouding tussen die dramateks en die opvoering binne die ouer dramateorie en die meer resente drama- en teatersemiotiek. In die tweede onderafdeling word die studies oor die teken in die drama- en teatersemiotiek ondersoek waarna die nege dramateoretiese aspekte, waarna vroeër verwys is, in nege onderafdelings uitvoerig bespreek word. In die teoretiese afdeling word verskeie belangrike bronne teen mekaar opgeweeg, krities geëvalueer en op selfstandige wyse benut ten einde 'n eie siening te formuleer.

In die tweede hoofafdeling word die teorie wat in die eerste afdeling ontwikkel is op voortreflike wyse geïllustreer aan die hand van 'n analise van die volgende drie Afrikaanse dramatekste: Elsa Joubert en Sandra Kotzé se verwerking van die dramateks *Poppie* uit die roman *Die swerfjare van Poppie*

Nongena, Pieter Fourie se *Ek, Anna van Wyk* en Reza de Wet se *Diepe grond*.

Hierdie publikasie is 'n uiters belangrike en waardevolle werk. Dit voorsien in 'n groot leemte in die Afrikaanse dramateorie en is vir die fynproewer sowel as die student 'n onmisbare handleiding en inligtingsbron. Die sistematiese aanpak, die deeglike beredenering en die duidelike formulering maak dit uiters geskik vir die onderrig van die drama op universiteitsvlak.

Universiteit van Durban-Westville